VEELS GELUK AAN ALMAL WAT HIERDIE WEEK VERJAAR!

Vandag:	Nicola Alberts, Estelle de Koker, Carla Dorfling, Adriaan Kruger.
Maandag:	Wilna Durand, André Malan, Karen Maree, AnnatjieVisser.
Dinsdag:	Kobus Kotze, Tanneke Kritzinger, Johan Smit.
Woensdag:	Tersia Coetzee, Annatjie de Vries.
Donderdag:	Lynette du Toit, Dané Oberholzer, Herma van den Bos, Daan van Zyl.
Vrydag:	Yvonne Destroo, Jo Doidge, Colleen Rossouw, Anne-Marie Taylor, Dirk Voigt.
Saterdag:	Tertia de Villiers.

N K O S I - S U P E R B A R

'n Volledige, gebalanseerde maaltyd in 'n stafie

- Ideaal vir 'n behoeftige by die verkeerslig te gee. **BESKIKBAAR BY DIE KERKKANTOOR @ R10 elk**

Kerkraadsverkiesing

By die Kerkraadsvergadering van 28 November 2023 moet twee kerkraadslede verkies word vir 'n termyn van drie jaar. Die verkiesing van kerkraadslede is die **taak van die hele gemeente**. Daarom dat gemeentelede versoek word om persone te **nomineer** en ook **voorbidding** te doen vir die kerkraad - voor die verkiesing, nadat hulle verkies is, en ook nadat hulle bevestig is.

"...bid sonder om moedeloos te word."

- Lukas 18:1

Jy kan ook van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon gebruik maak om jou dankoffer weekliks (tydens eredienste) en maandeliks te gee. Onthou asb. die regte verwysing. **B**ankoffer vir dankoffer tydens erediens **D**ankoffer vir maandelikse dankoffer.

Familiekerk
NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

FAMILIENUUS

SONDAG 12 NOVEMBER 2023

WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS

09:00:	DS EWALD JANSEN VAN RENSBURG
SKRIFLESING:	1 TESSALONISENSE 4:13
TEMA:	OOP DEUR ANDERKANT DIE HORISON (DIE GOEIE NUUS OOR DOOD): TREUR MET HOOP

Kom drink gerus koffie / tee na die diens en kuier met mekaar.

DEUROFFERS: **Uitsending van eredienste**

Ons gemeente saai reeds die afgelope paar jaar ons eredienste lewendig uit. Aanvanklik was die beweegrede dat ons lidmate in die aftree-oorde by die eredienste kan inskakel. Toe die staat van inperking ons in 2020 tref, was ons toe in die bevoorregte posisie dat lidmate en ander persone by die dienste kon inskakel.

Hierdie uitsendings kos die gemeente jaarliks net meer as R34 000. Vandag se deuroffer is vir hierdie doel. Jy kan jou bydrae by die voordeur in die blikkie gooi of dit elektronies inbetaal. (Bankbesonderhede hieronder aangedui - verwysing: Uitsending van eredienste. Jy kan ook van die Snapscan-toepassing gebruik maak.)

Volgende week: MHELP

Leraars: Hennie Fouché 082 859 5646; hennie@nghottentotsholland.co.za
Ewald J van Rensburg 082 451 2584; ewald@nghottentotsholland.co.za
Kerkkantoor: Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130 Maandag tot Vrydag 08:30 - 13:00
Telefoon: 021 852 5004 **E-pos:** admin@nghottentotsholland.co.za
Bankbesonderhede: NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Rek 2900 5900 51
Direkte Erediens-uitsendings: **https://live.eclipse-streaming.co.za/NG-HH-vjs/**
YouTube adres: https://youtube.com/channel/UC6L0OCh0mvcwrmqkI1iWULA

Kerssangdiens 26 November 2023, 19:00 -
saam met die koor van Hoërskool Parel Vallei

Kom kuier saam na die sangdiens - en **bring 'n bordjie eetgoed saam** - indien moontlik. Tee, koffie, vrugtesap sal verskaf word.
Kinders tot by graad 4, wat graag saam met Josef en Maria wil instap in die kerkgebou, kom voor die diens in die familiekamer bymekaar. As julle wil aantrek soos 'n herder of skaapwagter, is julle welkom.

Bybelgesprek-afsluiting
Woensdag 29 November, 9:00

Ons kuier saam by *Spoon Bakery & Eatery*,
Dramastraat 1, The Avenues Sentrum

Sir Lowry's Pass Vloedslagoffers – Hulp Gevra Asb!

Een van ons lidmate, Elna Visagie, werk reeds 'n geruime tyd voluit daaraan om 46 gesinne, wat alles verloor het in die vloede, se nood te verlig met die noodsaaklikste behoeftes. 15 van die gesinne woon tans in tydelike behuising wat deur die stadsraad voorsien is, maar het al hulle besittings verloor.

Kyk gerus na hierdie skakel: https://www.groundup.org.za/article/sir-lowrys-pass-residents-badly-hit-by-flood-uncertain-what-comes-next/
Kom ons kyk of ons haar kan bystaan met een of meer van die volgende behoeftes:
1. **Gereedskap** waarmee van die vaardige manne vir hulleself kan meubels maak uit houtpalette wat voorsien word
2. **Vervoer** van goedere tussen Somerset Wes en Sir Lowrys Pass – al is dit net een bakkievrag wat jy kan aanbied
3. Tweedehandse **yskaste** teen 'n billike prys
4. Tweedehandse **mikrogolfoonde** teen 'n billike prys
5. **Gasstofies & gasbottels**
6. **Klerehangers**
7. **Pype, stokke** waarop klere gehang kan word,
8. Enige iets anders wat jy kan skenk om gesinne wat alles verloor het te help - hulle het reeds klere as skenkings ontvang.

Kontak asb vir Andre du Toit (083 675 6932) of Elna Visagie (079 275 7055) as jy kan help.

TIENDEMAAND DANKOFFERS



Mikpunt:
R 650 000

Reeds ontvang:
R245 724

Baie dankie aan almal wat reeds bygedra het!!

Hierdie fondsinsameling van ons gemeente word verbind aan die *tiende maand* van die jaar, maar jy is welkom om jou spesiale bydrae enige tyd in te handig. Alles wat ontvang word tot einde Februarie 2023 vorm deel van hierdie jaar se insameling. Jy kan jy jou spesiale bydrae gee d.m.v. EFT, Snapscan of 'n Tiendemaand dankoffer koevert.

Dit is baie belangrik om die verwysing "10 de Maand Dankoffer" aan te bring by 'n EFT asook Snapscan betaling. U naam is opsioneel.

Bankbesonderhede: NG Kerk Hottentots-Holland, ABSA
Tjekrekeningnommer: 2900 5900 51, Takkode: 632005.

Kersete in die kerksaal !

Is jy dalk alleen op 25 Desember?

Ons gemeente beplan om op Kersdag ń middagete aan te bied vir diegene wat andersins alleen sou wees.
As jy op Kersdag alleen is, of weet van iemand wat alleen gaan wees, kontak asseblief die kerkkantoor en gee die naam en 'n kontaknommer. Sê asseblief ook as jy / die persoon vervoer nodig het.
As jy 'n bydrae wil maak vir hierdie vreugdevolle geleentheid, kan jy dit doen in die gemerkte houer in die voorportaal na 'n oggenddiens, of jy kan dit elektronies oorbetaal - met verwysing **Kersete.**
As jy op enige manier wil help met hierdie ete, kontak asseblief vir **Izelle Bester (084 652 1693)**